Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# Verpligte Selfargivering van Navorsingsuitsette



forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Implementeringsdatum: 1/1/2015

# Verpligte Selfargivering van Navorsingsuitsette

| | |
|---|---|
| **Dokument Tipe:** | Beleid |
| **Goedkeuring:** | Raad |
| **Goedkeuringsdatum:** | 1/1/2015 |
| **Implementeringsdatum:** | 1/1/2015 |
| **Hersieningsdatum / Hersieningsfrekwensie:** | Elke vyf jaar |
| **Vorige weergawes:** | None |
| **Eienaar[1]:** | Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie |
| **Kurator[2]:** | Senior Direkteur: Biblioteek en Inligtingsdiens |
| **Sleutelwoorde:** | Open Access, Research Outputs, Self-Archiving, Copyright, Intellectual Property |
| **Geldigheid:** | In geval van verskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie reglement as die geldende weergawe aanvaar en die Afrikaanse weergawe as die vertaling. |

[1] Eienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum(s) waarin die reglement funksioneer.
[2] Kurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die inbedryfstelling en handhawing van die beleid.

# Beleid insake Verpligte Selfargivering van Navorsingsuitsette

## 1. Inleiding

Die Universiteit Stellenbosch (US), wat as ’n voorste navorsingsinstansie op die Afrikakontinent erken word, besef dat navorsingspublikasies een van die instansie se kernbates is. Daarom is dit van die uiterste belang dat hierdie bate, soos al die US se bates, só bestuur word dat dit die hoogste moontlike waarde bied aan die individuele lede van die akademiese gemeenskap wie se navorsingsuitsette die Universiteit verteenwoordig, sowel as aan die instansie in die geheel. Die akademiese gemeenskap het ’n deurslaggewende rol te vervul by die skep van navorsingsuitsette. Die Universiteit vervul egter óók ’n noodsaaklike rol: Nie alleen ondersteun dit akademiese en navorsingspersoneel nie, die Universiteit tree ook op as verspreider, kurator en bewaarder van universiteitsbates.

Hierdie selfargiveringsbeleid hou verband met en vul ander beleide van die Universiteit aan, soos die Universiteit se *Beleid insake die ontginning van intellektuele eiendom* wat ten doel het om die intellektuele eiendom van die Universiteit en werknemers te beskerm.

## 2. Definisies

| | |
|---|---|
| **Outeur/Mede-outeur** | Die skepper(s) van ‘n oorspronklike werk |
| **Kopiereg** | Die regsmeganisme wat die skepper van ’n oorspronklike werk eksklusiewe regte op daardie werk gee; in die geval van vakkundige werke dek kopiereg dít wat verder met die werk gedoen kan word, soos kopiëring, verspreiding, die skepping van afgeleide werke en die opsomming van dele van die oorspronklike werk vir vermelding of aanhaling elders |
| **Oop toegang** | Die praktyk om via die internet onbeperkte toegang tot eweknieбeoordeelde vaktydskrifartikels te gee |
| **Na-druk-weergawe** | Die finale weergawe van die eweknieбeoordeelde manuskrip, met hersienings bygewerk |
| **Gepubliseerde tydskrifartikel (GTA)** | Die uitgewersweergawe van die artikel wat in die vaktydskrif verskyn. Dit sluit in alle uitgewersaktiwiteite soos teksredigering, formatering en (indien van toepassing) paginering |
| **Beoordeelde artikels** | Artikels wat eweknieбeoordeling ondergaan het |
| **Selfargivering** | Die deponering van ’n gratis eksemplaar van ’n digitale dokument op die wêreldwye web ten einde oop toegang daartoe te verskaf |
| **SUNJournals** | Die platform wat die US gebruik om direk op ’n ooptoegangsforum te publiseer |

| | |
|---|---|
| **SUNScholar** | Die US se navorsingsbewaarplek waarin gepubliseerde navorsingsartikels, asook as voltooide tesisse en proefskrifte, geberg word |

## 3. Doel van hierdie Beleid

Soos die Senaatbesluit van 2007 oor die verpligte indiening van elektroniese eksemplare van tesisse en proefskrifte, is hierdie verpligte indieningsbeleid in oorstemming met die institusionele oogmerk om die kennisbasis uit te brei. Die mandaat om die volledige teks van ewekniebeoordeelde artikels te deponeer is verder in lyn met een van die beginsels wat die HOOP Projek onderlê, naamlik dat navorsingsuitsette gedeel moet word ten einde die Millenniumontwikkelingsdoelwitte na te streef.

Die Universiteit se verbintenis om navorsingsuitsette openlik te deel, dra ook by tot ’n uitgebreide internasionale korpus beoordeelde en ander navorsingsliteratuur wat op ooptoegangsplatforms beskikbaar is – ’n proses wat wêreldwyd vinnig momentum onder die voorste navorsingsuniversiteite opbou.

## 4. Oogmerke van hierdie Beleid

Die Beleid is daarop gemik om:

4.1. toegang tot die US se navorsingsuitsette tot die breedste publiek moontlik uit te brei;
4.2. die sigbaarheid van navorsingspublikasies wat personeel en studente produseer, te verhoog;
4.3. hoë kwaliteitmetadata te skep ten einde sigbaarheid te verbeter;
4.4. te verseker dat die navorsingsuitsette behoue bly; en
4.5. die korpus navorsingsinhoud wat deur middel van oop toegang beskikbaar is, uit te brei.

## 5. Beginsels waarop die Beleid berus

Die Beleid insake Verpligte Selfargivering van Navorsingsuitsette berus op twee beginsels, naamlik dat

5.1. die indiening van vakkundige artikels die filosofie versterk dat nuwe kennis geskep en innovasie versterk word as betroubare en tersaaklike inhoud gedeel word; en
5.2. daar geeneen van die vryhede wat akademici oor die jare heen geniet het, aangetas mag word nie, en dit sluit outeurs se prerogatief in om te kies waar hulle wil publiseer.

## 6. Voorskrifte rakende hierdie Beleid

Hierdie afdeling verskaf riglyne wat die rol en verantwoordelikhede van die outeur sowel as die Biblioteek- en Inligtingsdiens uitstippel. Verder omskryf dit verskillende soorte navorsingsuitsette wat ingedien moet word, sowel as dié wat nie ingesluit word nie. Die

afdeling behandel ook kopieregkwessies en die algemene nakomingsprosedures wat daarmee verband hou.

### 6.1. Bydraes deur belanghebbendes

6.1.1. Outeurs

Vir subsidie- en ander doeleindes word van outeurs wat ŉ formele affiliasie met Universiteit Stellenbosch het, verwag om jaarliks verslag te doen oor hul navorsingsuitsette by die Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO). Outeurs moet so ver moontlik gelyktydig die volteks van die gepubliseerde tydskrifartikels aanheg, waarop die Biblioteek- en Inligtingsdiens die nodige outeursregtoestemming moet verkry vir die beskikbaarstelling daarvan op SUNScholar.

Nota: SUNScholar is die amptelike bewaarplek van die inhoud van Universiteit Stellenbosch se navorsingsuitsette. Waar outeurs webblaaie in stand hou, moet die hiperteks-skakels van artikels na SUNScholar lei.

6.1.2 Die Biblioteek- en Inligtingsdiens

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens moet, namens die Universiteit, verantwoordelikheid aanvaar vir:

6.1.2.1 die onttrekking en oplaai van die volteksartikels na SUNScholar;
6.1.2.2 die hantering van kopiereg- en verwante kwessies;
6.1.2.3 die skep van metadata van die hoogste gehalte;
6.1.2.4 die versekering dat al die vernaamste insamelaars wel die ingediende materiaal insamel; en
6.1.2.5 die versekering dat die inhoud in die bewaarplek op die lang duur behoue bly.

### 6.2. Inhoud

Ingevolge hierdie Beleid moet alle beoordeelde navorsingsmanuskripte wat deur US-geaffilieerde personeel of onder die beskerming van die US geskryf is, in die Universiteit se navorsingsbewaarplek (SUNScholar) gedeponeer word.

Die volgende materiaal moet in SUNScholar gedeponeer word:

6.2.1. die gepubliseerde tydskrifartikel (GTA) van US-personeel en -studente, ooreenkomstig die uitgewer se beleid of op versoek van ’n gepaste gevolmagtigde van die US;
6.2.2. die na-druk-weergawe (aanvaarde outeursmanuskripte) van US-personeel en -studente, ooreenkomstig die uitgewer se beleid of op versoek van ’n gepaste gevolmagtigde van die US;
6.2.3. die gepubliseerde volledige teks van eweknieberoordeelde konferensiereferate ooreenkomstig die uitgewer se beleid of op versoek van ’n gepaste gevolmagtigde van die US;
6.2.4. die gepubliseerde tydskrifartikel (GTA) wat uit die Universiteit se Ooptoegangsfonds befonds is; en
6.2.5. die gepubliseerde tydskrifartikel (GTA) wat in SUNJournals gepubliseer word, as die outeur ŉ affiliasie met die Universiteit het.

Die volgende materiaal sal nie in die Universiteit se navorsingsbewaarplek (SUNScholar)

opgeneem word nie:

6.2.6. materiaal wat kommersieel beskikbaar gestel gaan word, of wat vertroulike inligting bevat, of waarvan die openbaarmaking ’n regsverbintenis sou kon skend wat deur die Universiteit en/of die outeur aangegaan is;

6.2.7. Manuskripte waar daar geen bewys van ewekniebeoordeling en daaropvolgende publikasie is nie, asook onbeoordeelde konsepreferate of konsepweergawes van referate wat vir bespreking vrygestel is;

6.2.8. ongeredigeerde/onbeoordeelde persoonlike opinies;

6.2.9. boekbesprekings;

6.2.10. handboeke en onderrigmateriaal; en

6.2.11. administratiewe dokumente en rekords.

### 6.3. Kopiereg

Kopiereg moet ingevolge *die Universiteit se Beleid insake die Ontginning van Intellektuele Eiendom* gesedeer word. Afdeling 2.1.1 van die genoemde Beleid bepaal dat dit “onder die aandag van werknemers van Universiteit gebring [word] dat eiendomsreg in intellektuele eiendom wat deur hulle geskep word in die loop van die uitvoering van hul normale werksverpligtinge regtens in die Universiteit as hul werkgewer setel”. Die Beleid bepaal ook dat “studente enige intellektuele eiendom wat in hulle mag setel uit hoofde van die nakoming van hul studieverpligtinge aan die Universiteit oordra”.

Uitgewers van vaktydskrifte het tradisioneel vereis dat outeurs alle regte oorteken wanneer hulle artikels vir publikasie gereed is, wat beteken dat die uitgewer van daardie oomblik af die eienaar van die werk is. Tot op daardie oomblik setel alle regte in die outeur.

In die afgelope jare was daar egter ’n verskuiwing waarvolgens outeurs sekere regte behou: Outeurs gee uitgewers die reg om ’n werk te publiseer, maar behou die oorblywende regte. Ingevolge die Universiteit se Beleid insake die Ontginning van Intellektuele Eiendom word outeurs aangespoor om die kopiereg te behou op materiaal van hulle waarvan die US die kopiereghouer is. Verder word outeurs aangemoedig om ’n “lisensie om te publiseer” te teken. Sodanige lisensie laat die outeur toe om die artikel in SUNScholar te deponeer, sodat die werk vrylik via die internet aan die publiek beskikbaar gestel kan word, onderhewig daaraan dat die termyn van die ooptoegangsverbod verstryk het. Die termyn van sodanige verbod verskil van uitgewer tot uitgewer, maar is gewoonlik 6 tot 12 maande.

Die “lisensie om te publiseer” word gewoonlik verleen deur ’n “outeursaddendum” te voeg by die uitgewer se kopieregoordragooreenkoms, wat die outeur moet onderteken soos deur die uitgewer vereis (en wat kopiereg gewoonlik aan die uitgewer oordra). ’n Voorbeeld van ’n “lisensie om te publiseer” is op die Biblioteek- en Inligtingsdiens se webtuiste te kry by http://wiki.lib.sun.ac.za/images/3/36/Licence_to_publish.pdf (Appendix 1).

## 7. Samevatting

Hierdie beleid bevorder breër toegang tot die volledige teks van hoëgehalte-eweknniebeoordeelde navorsingsuitsette deur die Universiteit Stellenbosch se personeel, navorsers en studente. Verder vervul dit die strewe om die sigbaarheid van die Universiteit se uitsette te verbeter en die Universiteit se posisie as ’n voorste navorsingsinstansie te versterk.